

Saterdag 17 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 5:3-12

Fokusgedeelte: Matteus 5:11, 12; HK Sondag 24, Vraag 63

Die beloning van goeie werke

Dat God die goeie werke van sy kinders beloon, staan bo alle twyfel vas. Die Skrif leer dit op verskillende plekke. Van Moses word gesê dat hy die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte “omdat hy na die *beloning* uitgesien het” (Heb. 11:26). En in die woorde van Christus (hierbo aangehaal) troos Hy sy verdrukte volgelinge met die belofte *dat hulle loon groot is* in die hemel. Paulus sê: “Ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad” (2 Kor. 5:10). Hieruit is dit duidelik dat goeie werke deur God beloon word, net soos slegte werke deur Hom gestraf word.

As my goeie werke wel beloon word, beteken dit nie dat my goeie werke my tog kan help om die ewige saligheid te bereik nie? Kan die leer dat ons goeie werke onverdienstelik is, in die lig hiervan nog standhou? Ons Kate-gismus antwoord hierop: “Hierdie beloning word nie uit verdienste nie maar uit genade gegee”. Christus sê immers self: “As julle alles gedoen het wat julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen” (Luk. 17:10). Onverdienstelike diensknegte – en as ons tog beloon word, is dit net genade.

Op grond van sekere uitsprake in die Skrif (Matt. 5:12; 10:41; 18:4; Luk. 6:23, 35; 2 Kor. 9:6; Gal. 6:7, 8; Op. 13:14) word aanvaar dat daar hierna-maals ’n verskil sal wees in die grootte van die beloning wat elke gelowige sal ontvang. Dit beteken dat daar ook ’n verskil sal wees in die mate van heer-likheid wat elkeen sal ervaar. Tog sal dit nie so wees dat die een met ’n min-dere heerlikheid afgunstig sal wees op die een met ’n meerdere heerlikheid nie.

Dit kan aan die hand van die volgende beeld verduidelik word: Neem tien glase van verskillende grootte en vul almal tot oorloeps toe met water. Al tien glase is propvol met water, en tog het die een glas meer as die ander. So sal dit ook hierna-maals wees: al God se kinders sal heeltemal vol wees met die heerlikheid van God. Tog sal, afhangende van die grootte van elkeen se beloning, die een se heerlikheid groter wees as dié van die ander (Feenstra). So sal die apostel Paulus wat so baie gedoen het in die koninkryk van God ’n groter heerlikheid hê as die misdadiger wat aan die kruis tot bekering gekom het. Niemand sal ’n groter heerlikheid begeer nie, want elkeen sal na sy of haar eie mate so vol wees van die heerlikheid van God dat daar niks kan bykom nie.